Professionele kommunikasie

'n Sertifikaat van bevoegdheid-kortkursus

Al gehoor van die viersydige kommunikasiemodel? Sluit by prof Carel Jansen aan en leer die vaardighede om hierdie tegniek suksesvol aan te wend wanneer jy kommunikeer.

Waarop fokus hierdie kortkursus?

Hierdie kortkursus bied 'n inleiding tot die spesifieke kommunikasiekennis en -vaardighede wat 'n mens nodig het om kommunikasieverwante take suksesvol en professioneel af te handel.

Na afloop van die kortkursus, sal jy:

- boodskappe kan ontleed deur 'n metode bekend as die viersydige kommunikasiemodel in te span
- die betoog in kommunikasieboodskappe kan herken en krities kan beoordeel
- jou mondelinge aanbiedings selfs boeiender kan maak
- vir effektiewer professionele gesprekke kan voorberei en hulle optimaal struktureer

Wie kan die kursus bywoon? Watter loopbaanvoordele hou dit in?

As jy duidelike en praktiese riglyne soek om besigheidskommunikasie met selfvertoue aan te pak, dan is hierdie kortkursus vir jou! Ons beperk die aantal deelnemers om optimale leer te verseker. Die kontaksessies word deur 'n aanlyn komponent aangevul.

Stel jy belang? Klik op hierdie skakel en voltooi die aanlyn vorm. Ons sal vir jou verdere instruksies stuur nadat ons jou vorm ontvang het.

Communication Lab | ILebhu yoNxibelelwano | Kommunikasielab

languagecentre.sun.ac.za/commslab/ michellep@sun.ac.za +27 (0)21 808 2812

Wat is die voorvereistes?

Jy sal 'n rekenaar en betroubare internetblaaier benodig wat ons aanlyn platforms (MS Teams en SUNOnline) kan hanteer en jy sal 'n betroubare internetverbinding nodig hê om vir die regstreekse aanlyn sessies aan te meld. Jy sal ook elektroniese dokumente moet kan skep.

Waar en wanneer vind hierdie kursus plaas?

Ons kursusse kombineer regstreekse aanlyn sessies, wat deur die aanbieder gefasiliteer word, met aanlyn leer wat jy op eie stoom doen. Ons bied hierdie kortkursus gedurende **een aanlyn sessie (09:00 tot 11:00), en twee kontaksessies (09:00 en 12:00)** aan. Aanlyn sessies word op MS Teams gefasiliteer, en kontaksessies vind plaas in die Taalsentrum se Seminaarkamer by Kleine Bosch, Banhoekweg 44, Stellenbosch.

Hierdie kursus open voordat die eerste regstreekse aanlyn sessie plaasvind en sluit lank ná die laaste sessie. Dit gee jou genoeg tyd om jou SUNOnline teenwoordigheid te aktiveer voordat die eerste regstreekse aanlyn sessie plaasvind.

	Aanlyn sessions (09:00 tot 11:00)	Kontaksessies (09:00 tot 12:00)	Openings- en sluitingsdatums	Inskrywings sluit
Aanbieding 1	6 Oktober	13 en 20 Oktober	29 September tot 30 Oktober	15 September

Tydens die kursus sal jy jou tyd as volg spandeer:

- twee oggendsessies van 3 ure elk
- ± ses uur per week op leeswerk, of om take of vasvra-take, aktiwiteite en opdragte op eie stoom te voltooi

Wie is die aanbieder?

Prof Carel Jansen is 'n emeritusprofessor in Kommunikasie- en Inligtingstudie aan die Universiteit van Groningen se Fakulteit Lettere in Nederland. Hy is ook 'n US Taalsentrum-navorsingsgenoot. Lees meer oor hom hier.

Die kortkursusfooi is R4 100 per deelnemer.

- Alle kursusfooie moet asseblief vóór die begin van die kursus betaal wees, en sluit kursusmateriaal, assesserings, regstreekse aanlyn sessies met jou aanbieder en toegang tot die aanlyn platforms in.
- Ons sal hierdie kursus net aanbied wanneer 'n minimum van tien kandidate wat klaar betaal het, bywoning bevestig.
- Kortkursusdeelnemers ontvang nie toegang tot Universiteitfasiliteite soos rekenaar-laboratoriums of die biblioteek nie.

Communication Lab | ILebhu yoNxibelelwano | Kommunikasielab

languagecentre.sun.ac.za/commslab/ michellep@sun.ac.za +27 (0)21 808 2812